Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

APRIL 2025

Bulletin

#overstrand4all

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

#C4ourself

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

GEREKENARISEERDE TOETSSENTRUMS VIR LEERLINGLISENSIES NOU IN VOLLE SWANG

Voortaan gaan leerlingbestuurders in Overstrand hul toetse op tablette aflê, wat daarop neerkom dat resultate onmiddellik ná aflegging bekendgemaak kan word. Hierdie inisiatief is deel van Overstrandverkeersdienste se voorneme om, in vennootskap met die Padverkeersbestuurskorporasie, nuwe tegnologieë in te span en prosesse te optimaliseer.

In plaas daarvan om van boeke, kaarte en sketse gebruik te maak, gebruik hierdie gerekenariseerde stelsel sagteware om 'n stel vrae lukraak te kies, wat beteken dat leerlingbestuurders nie kan voorspel watter vrae gevra gaan word nie en dat dit glad nie moontlik is om te kul nie.

As 'n leerling die toets slaag, sal sy/haar leerlinglisensies dieselfde dag uitgereik word, op voorwaarde dat die ter sprake fooi betaal word. 'n Leerlinglisensie is geldig vir 24 maande en kan nie verleng word nie.

Neem kennis dat jy reeds die regte ouderdom moet wees voordat jy probeer om 'n afspraak te maak om jou toets af te lê:

- Ten minste 16 jaar oud vir kode A1 – motorfietse tot op 125 cc
- Ten minste 17 jaar oud vir kode B – ligte motorvoertuie
- Ten minste 18 jaar oud vir kode A – motorfietse bó 125 cc
- Ten minste 18 jaar oud vir kode C1, C, EC1, EC – swaar motorvoertuie

Om 'n afspraak vir 'n toets te maak, benodig jy:

- Jou identifikasiedokument
- Twee kleur-ID-foto's
- Bewys van jou adres
- 'n Aansoekfooi wat R68 bedra

Om persoonlik 'n afspraak te maak:

Besoek die Bestuurderslisensietoetssentrum in Gansbaai of Hermanus waar die nuwe gerekenariseerde tegnologie nou ten volle ingespan word.

SAID-SELFHELP-KIOSK NOU BESKIKBAAR IN HERMANUS

Met die oog daarop om die prosesse verbonde aan belastingbetalers en handelaars se voldoening aan en nakoming van hul belastingverpligtinge te vereenvoudig, het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) onlangs 'n selfhelp-kiosk by die Nuwe Hawe-veeldoelsentrum in Hermanus geïnstalleer.

Danksy interaktiewe digitale tegnologie kan hierdie terminaal gebruik word om te registreer vir en toegang te verkry tot eFiling-dienste. Hierdie dienste word tipies gebruik om belastingnommers te herwin/uit te druk, navrae oor die stand van opgawes te doen, belastingklaringsertifikate aan te vra, rekeningstate en kennisgewings uit te druk, en ondersteunende dokumentasie in te dien.

Toegang tot die kiosk kan gedurende munisipale kantoorure verkry word:

- **Maandae tot Donderdae: 07:45 – 13:00 en 13:30 – 16:30**
- **Vrydae: 07:45 – 13:00 en 13:30 – 15:15**

VAN PLAN OM 'N GELEENTHEID TE ORGANISEER?

SORG DAT JY BETYDS AANSOEK DOEN!

Afhangende van grootte moet aansoeke om 'n geleentheid in die Overstrand aan te bied tussen een en ses maande vóór die geleentheid by die munisipaliteit ingedien word:

KLEIN	MEDIUM	GROOT	BAIE GROOT
50 – 500	501 – 2 000	2 001 – 5 000	5 000+
1 MAAND	2 MAANDE	3 MAANDE	6 MAANDE

Die amptelike aansoekvorm om 'n geleentheid aan te bied, kan via die munisipale webwerf www.overstrand.gov.za afgelaai word: Application Forms > Events.

Ingevolge Munisipaliteit Overstrand se beleid oor geleenthede moet hierdie aansoekvorm, na gelang van die geval, vergesel word van die volgende ondersteunende dokumentasie:

- vrywaring teen aanspreeklikheid;
- versekering teen publieke aanspreeklikheid;
- veiligheids-/noodplan;
- SAPD-risikoklassifisering;
- aansoek om 'n tydelike struktuur/strukture op te rig;
- aansoek om populasiesertifikaat;
- aansoek om vrystelling van geraasvlakke; en 'n
- aanvaarbaarheidssertifikaat (ODM: Gesondheidsafdeling).

Vir meer besonderhede oor hoe om aansoek te doen om 'n geleentheid aan te bied en die verbandhoudende nakomingsriglyne, kontak die openbareskakel-beampte by jou naaste munisipale kantoor. ***Let ook daarop dat deur bloot 'n aansoek in te dien, nie noodwendig beteken dat toestemming vir die hou van 'n geleentheid verleen is nie.***

VEREISTES VIR SAKELISENSIËRING

Die President van Suid-Afrika het onlangs 'n direktief uitgereik wat bepaal dat ondernemings by die plaaslike regering in die gebied waarbinne hulle sake doen, moet registreer. In reaksie op hierdie direktief het Munisipaliteit Overstrand sy pogings om nakoming af te dwing, verskerp.

Die Wet op Besighede (Wet 71 van 1991) bepaal dat sakeondernemings wat in Bylae 1, items 1, 2 of 3, gelys word, 'n lisensie moet bekom. Sulke ondernemings is tipies kruidenierswinkels, kosverkopers en diensverskaffers wat direk in wisselwerking met die publiek is, soos bioskope en nagklubs. Professionele dienste soos finansiële adviseurs, rekenmeesters of konsultante benodig oor die algemeen nie 'n lisensie om sake te doen nie, tensy munisipale verordeninge anders bepaal.

Tans het Munisipaliteit Overstrand geen verordening wat bepaal dat die registrasie van ander tipes besighede verpligtend is nie. In sekere gevalle, soos bepaal in artikel 15 van die Verordening op Strate, Openbare Plekke en die Voorkoming van Openbare Ergernisse kan skriftelike toestemming dalk verlang word om handel te dryf. Voorts mag dit dalk nodig wees om goedkeuring van die munisipaliteit te verkry om in 'n aangewese gebied handel te dryf.

Om die aansoekvorm af te laai, gaan na www.overstrand.gov.za en volg die skakels na Application Forms > Business Licence.

DR. RABIE LÊ AMP AS BURGEMEESTER NEER

In die loop van Maart 2025, het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, bevestig dat sy – met ingang 1 April 2025 – van voorneme is om haar amp neer te lê. Sy sal egter steeds tot tyd en wyl as raadslid aanbly.

Die munisipaliteit wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om Burgemeester Rabie te bedank vir die onskatbare bydrae wat sy tot goeie regeringsbestuur en deurdagte besluitneming tydens haar ampstermyn gelewer het. Ons wens haar alles van die beste vir die toekoms toe.

NUTTIGE GIDS TOT DIE VERKRYGINGSPROSES

Munisipaliteit Overstrand is aangewese op eerbare sakeondernemings wat 'n wye reeks dienste en produkte van die hoogste gehalte lewer. Ons nooi alle ondernemings in die omstreke wat aan ons vereistes voldoen en nog nie tot dié stap oorgegaan het nie om op ons verskaffersdatabasis te registreer met die oog op 'n moontlike werksverhouding met die munisipaliteit.

Dit is belangrik om daarop te let dat munisipale sakebedrywighede deur die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur gereguleer word, welke wet spesifieke prosesse voorskryf afhangende van die dienste of goedere wat verlang word. Om mee te begin, moet alle entiteite wat met die staat of verwante agentskappe sake wil doen, op die nasionale sentrale verskaffersdatabasis (CSD) registreer. Slegs nadat hierdie registrasie afgehandel is, kan 'n verskaffer by die munisipaliteit se databasis gevoeg word.

Hoe om jou onderneming op die onderskeie databasisse te registreer

Om op die CSD te registreer, het jy die volgende nodig:

- 'n Suid-Afrikaanse strepieskode-identifikasie- (ID-) nommer
- 'n Geldige belastingklarings-PIN soos uitgereik deur die Ontvanger van Inkomste (SAID)
- 'n Geloofwaardige bankrekening
- As professionele registrasie vereis word, bewys van registrasie by of 'n registrasie-nommer uitgereik deur die tersaaklike regulatoriese liggaam
- Bewys van BBSEB-voldoening waar van toepassing

Om die registrasieproses af te skop, besoek https://secure.csd.gov.za/Account/Register en volg die stap-vir-stap-instruksies. Sodra jy op die CSD geregistreer is, laai die verskaffersdatabasis-registrasievorm van Munisipaliteit Overstrand se webtuiste af by https://www.overstrand.gov.za/document/supply-chain-management/registration-on-the-accredited-supplier-database/. Voltooi die vorm en stuur dit terug na die voorsieningskanaalbestuurseenheid. Ons sal jou registrasie bevestig en jou onderneming onder die gepaste kategorieë lys.

Bevestiging van jou registrasie beteken dat jy voortaan geskik geag word om vir goedere of dienste, na gelang van behoefte, te kwoteer of te tender.

Hoe om toegang tot tendergeleenthede te verkry

Die monetêre waarde (alle heffings ingesluit) van die dienste/goedere wat verskaf en/of gelewer moet word, bepaal die wyse waarop versoeke om te kwoteer of uit-nodigings om te tender bekendgemaak word en die wyse waarop kwotasies/tenders ingedien moet word. In die algemeen, as die munisipaliteit dienste/goedere ter waarde van R300 000 of minder verlang, sal 'n formele versoek-vir-kwotasie- (RFQ-) proses gevolg word. Die uitsondering hier is gevalle waar dienste/produkte ter waarde van minder as R2 000 benodig word. As die koste van die dienste/goedere wat benodig word egter meer as R300 000 is, sal 'n mededingende tenderproses gevolg word.

STAP-VIR-STAP-GIDS TOT KWOTERING EN TENDERPROSES

STAP 1

Registreer op die sentrale verskaffersdatabasis en dien jou voltooide vorm vir registrasie op Munisipaliteit Overstrand se data-basis by die Voorsieningskanaal- (VKB-) eenheid in sodat jy as 'n verskaffer gelys kan word.

STAP 2

Wees op die uitkyk vir geleenthede om te kwoteer/te tender soos geadverteer op https://www.overstrand.gov.za/document/supply-chain-management/quotations-current-new/ en in die pers of op https://www.overstrand.gov.za/document/supply-chain-management/tenders/, wat ook al die geval mag wees.

STAP 3

Berei die kwotasie/tenderdokument voor deur die volgende te doen:

- Lees aandagtig deur die dokument en verskaf alle inligting soos verlang.
- Maak seker dat jy die korrekte prys en kontakbesonderhede vir jou onderneming verskaf.
- Beantwoord alle vrae eerlik.
- As jy twyfel, versoek meer inligting van die persone wat in die dokument gelys word.
- Maak seker dat jy aan al die vereistes vir die ter sprake diens/goedere kan voldoen en dat jy daardie diens/goedere binne die gespesifiseerde tyd kan lewer sodat jy die voorwaardes van die kontrak gestand kan doen.
- Maak seker dat die kwotasie-/tenderdokumente oral soos aangetoon onderteken word.

STAP 4

Dien jou bod (kwotasie of tender) in vóór die sluitingstyd in die korrekte tenderbus soos gespesifiseer in die kwotasie-/tenderdokumentasie.

Dienste of produkte ter waarde van minder as R2 000: Slegs een kwotasie van 'n diensverskaffer wat die goedere of diens aanbied, sal benodig word. Wanneer die kwotasie ontvang en aanvaar is, sal 'n bestelling uitgereik word. 'n Verskaffer kan begin om die diens te lewer of om die produkte te verskaf sodra die bestelling (waarop 'n bestelnommer verskyn) ontvang is. Wanneer gelewer, moet die verskaffer 'n faktuur aanbied waarop die vermelde bestelnommer duidelik aangetoon word. Die aange-wese amptenaar sal die faktuur afteken, welke faktuur dan ingedien word vir betaling binne 30 dae vanaf die datum waarop die afleweringsnota afgeteken is.

Dienste of produkte bó R2 000 tot op R30 000: 'n Formele versoek-vir-kwotasie-(RFQ-) proses sal gevolg word en ten minste drie kwotasies moet bekom word. Wanneer een van die kwotasies wat aldus ingedien is, aanvaar word, word 'n bestelling uitgereik. 'n Verskaffer kan begin om die diens te lewer of om die produkte te verskaf sodra die bestelling (waarop 'n bestelnommer verskyn) ontvang is. Wanneer gelewer, moet die verskaffer 'n faktuur aanbied waarop die vermelde bestelnommer duidelik aangetoon word. Die aangewese amptenaar sal die faktuur afteken, welke faktuur dan ingedien word vir betaling binne 30 dae vanaf die datum waarop die afleweringsnota afgeteken is.

Dienste of produkte bó R30 000 tot op R300 000: 'n Formele versoek-vir-kwotasie (RFQ-) proses sal gevolg word en ten minste drie kwotasies moet bekom word. Die RFQ sal vir ten minste sewe dae op die munisipaliteit se webtuiste en 'n amptelike kennisgewingbord geadverteer word en sal ook per e-pos gestuur word aan geakkrediteerde verskaffers van die ter sprake goedere of dienste wat op Munisipaliteit Overstrand se databasis geregistreer is. Om lopende formele RFQ's te besigtig, gaan na https://www.overstrand.gov.za/document/supply-chain-management/quotations-current-new/

Dienste of produkte bó R300 000: In gevalle soos hierdie moet 'n mededingende tenderproses gevolg word. Die tender sal vir ten minste 30 dae geadverteer word -

i. in koerante wat meestal plaaslik versprei word,
ii. op kennisgewingborde by geselekteerde munisipale kantore,
iii. op die munisipaliteit se webtuiste,
iv. op die Nasionale Tesourie se e-Tender-portaal, en
v. vir konstruksieverwante verkryging, op die CIDB se i-Tender-webtuiste.

Instruksies, spesifikasies, prosesse en die betrokke kontakpersone word in die reël in die tenderdokumentasie aangedui. Om lopende tenders te besigtig, gaan na https://www.overstrand.gov.za/document/supply-chain-management/tenders/. Let daarop dat in gevalle soos hierdie daar van verskaffers verwag word om 'n tenderdokument te voltooi en om daardie dokument binne 'n voorafbepaalde tydsraamwerk in te dien.

STAP 5

Kwotasies/tenders word, gegrond op die kwotasie-/tenderspesifi-kasies en -voorwaardes, geëvalueer en beoordeel ooreenkomstig Munisipaliteit Overstrand se beleid oor voorsieningskanaalbestuur en beleid oor voorkeurverkryging. Afhangende van die waarde van die goedere/dienste word 80/90 punte toegeken vir prys en 20/10 punte vir spesifieke doelwitte.

* **Formele RFQ's:** Die munisipaliteit evalueer die kwotasies wat ontvang is teen die voorwaardes wat vir die bod gestel is, met inbegrip van nakoming van die tegniese spesifikasies. Daarna word 'n toekenning deur die aangewese amptenaar gemaak.
* **Tenders:** Die bodevalueringskomitee evalueer die tenders wat ontvang is teen die tendervoorwaardes, met inbegrip van die tegniese spesifikasies. Hierdie komitee maak dan 'n aanbeveling aan die bodbeoordelingskomitee vir goedkeuring of vir verdere aanbeveling deur die munisipale bestuurder vir toekennings van meer as R10 miljoen.

STAP 6

Voorkeur- en onsuksesvolle tenderaars sal ingelig word oor die uitkoms van hul tenders. Onsuksesvolle tenderaars wat 'n appèl/beswaar teen die toekenning van 'n tender wil aanteken, het een van twee opsies:

Hulle kan binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing oor die uitkomste van die tender appelleer ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (MSA), of hulle kan binne 14 dae vanaf die datum van kennisgewing beswaar aanteken ingevolge paragraaf 49 van Munisipaliteit Overstrand se beleid oor voorsieningskanaalbestuur.

Dit is belangrik om daarop te let dat die appèlgesag – ná oorweging van die appèl – 'n besluit slegs ingevolge artikel 62 van die MSA mag bekragtig, wysig of herroep. As 'n beswaar ingevolge paragraaf 49 van Munisipaliteit Overstrand se beleid oor voorsieningskanaal-bestuur aanhangig gemaak word, is die Munisipale Bestuurder wel by magte om 'n onafhanklike persoon aan te stel om ondersoek in te stel, maar hy of sy het nie die mag om ingevolge daardie paragraaf die besluit te bevestig, te wysig of te herroep nie.

STAP 7

As geen appèlle/ besware teen die uitkomste van 'n bod-/tender-proses aangeteken word nie, sal die munisipaliteit dadelik 'n kontrak met die suksesvolle tenderaar aangaan om die dienste/goedere, soos in die tenderdokument gespesifiseer, te lewer/te verskaf. In gevalle waar appèlle/besware aangeteken word, kan dit dalk langer neem om daardie kontrak aan te gaan.